

# Ivory nou weer 'n wilde jagter



Ivory beloer sy nuwe tuiste uit die krat waarin hy gister van die Kuzuko Lodge in die Addo-bewaringsgebied na die Amakhala-wildreservaat in die Oos-Kaap gebring is.

Die Burger 20 Sep 2019 Cara-Lee Dorfling

'n Jaar gelede was hy 'n troeteldier, maar deesdae jag hy sy eie kos en kan niemand aan hom raak nie.

Ivory, 'n vyf jaar oue jagluiperd, is deel van die Ashia Cheetah Conservation-projek wat help om mak luiperd wat in aanhouding gebore is weer in-reservate vry te laat.

Hy het gister die eerste jagluiperd geword wat as deel van die projek in die Amakhala-wildreservaat in die Oos-Kaap vrygelaat is.

“Dit is alles sodat wilde jagluiperds se kwynende genepoel uitgebrei kan word,” sê Chantal Rischard.

“Dit is alles sodat wilde jagluiperds se kwynende genepoel uitgebrei kan word,” sê Chantal Rischard.

Sy en haar man, Stephan Illenberger, het dié bewaringsprojek in die Paarl gestig. Hulle koop jagluiperds wat in aanhouding gebore is vir tussen R120 000 en R150 000 per jagluiperd by telers.

Ivory kom van Bloemfontein.

Hierna word die jagluiperds in Ashia se reservaat fiks gemaak en na die Kuzuko Lodge, 'n private reservaat wat deel is van die groter Addo-bewaringsgebied in die OosKaap, gebring.

Hier word hul jaginstink weer aangewakker.

Dit is die einste reservaat waar die rondloperleeu Sylvester onder die wakende oog van die reservaatbestuurder, Gerhard de Lange, 'n tuiste gevind het.

De Lange sê die proses om die luiperds weer wild te maak begin in 'n boma wat die jag van diere vir die mak jagluiperds vergemaklik.

“Ivory het in Desember by ons aangekom. Ek volg 'n ander benadering as ander mense,” sê hy.

Volgens hom is die geheim dat die jagluiperd nie heeldag deur mense omring moet word nie.

“Die model werk. 'n Mens moet die dier in die natuur sit en dan doen die natuur sy werk.“Geen mens kan hulle leer jag of om 'n karkas oop te skeur nie. Hulle het dit in hulle en hul grootste instink is om te oorleef.”

”Ivory het binne vier maande nadat hy eens met 'n halsband geloop het 'n wilde jagluiperd geword wat sommer vier springbokke binne vier dae kan plat-trek.

De Lange het nog 15 jagluiperds in sy sorg en hoop om hulle binnekort in ander reservate vry te laat. “Die jagluiperds word rondgeskuif om inteling te voorkom.”

Volgens Rischard is dit nodig om 'n nuwe genepoel te skep.